# 'n Prakties-teologiese begronding vir Gemeentebou as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie

**J C van der Merwe**
**Tydelik-deeltydse dosent: Departement Praktiese Teologie (Afd A)**
**Universiteit van Pretoria**[1]

**Abstract**

**A practical theological foundation for church growth as communicative act in the service of the gospel**

***The aim of this article is to reflect on a practical theological perspective on the theoretical premises of church growth. This is done within the framework of the postmodern paradigm. Church growth focuses on the analysis, description and explanation of the practical situations of congregations in order to enhance church management. The epistemological framework of this article is the dis-tinction metatheory, basis theory and theory of practice. The focus is on the relationship between basis theory and the theory of the practice of church growth. The article departs from an approach where empirical data form the basis for the construction of a praxis for church growth. The author argues for a biblical foundation by means of which the empirical data should be evaluated in order to devise a model for praxis.***

## 1. INLEIDING

Een van die grootste probleme op die terrein van gemeentebou is volgens Breytenbach en Pieterse (1992:101) dat dokumentasie oor gemeentebou dikwels nie die

[1] Hierdie artikel is 'n verwerking van die resultate van 'n deel van hoofstuk 2 van die DD-proefskrif, "'n Prakties-Teologiese evaluering van 'n gemeentebouprojek in die Nederduitsch Hervormde gemeente Kemton Park-Oos met die oog op die daarstelling van 'n praktykmodel in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika", ingedien as deel van die vereistes vir die DD-graad, Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria, onder leiding van prof dr M J du P Beukes.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

implisiete teorie wat agter die bepaalde beskouing lê, uitspel nie. Dit beteken dat daar nie oor 'n gemeenteboubeskouing of ekklesiologiese beskouing as vertrekpunt vir gemeenteopbou gereflekteer word nie. Kerklike strukture, gemeentedoelwitte en gemeentelike opbouprogramme is nie willekeurige keuses nie. Dit word afgelei uit 'n bepaalde siening van die gemeente, wat dikwels onbewus funksioneer. Wanneer 'n mens die vak só bedryf, is jy besig met 'n stuk pragmatisme. Alleen dit wat in die praktyk "werk" is goed. Een van die belangrikste insigte van die hedendaagse Praktiese Teologie is dat teorieë oor die praktyk uitgespel, ontwikkel en ontwerp word. Dit dra by dat die vak 'n wetenskaplik soliede karakter dra.

Die besef dat die Praktiese Teologie dringend 'n ekklesiologie vanuit die perspektief van die vak moes ontwikkel, het meegebring dat 'n hele aantal ekklesiologieë tans die rondte doen (vgl Breytenbach & Pieterse 1992; Dreyer 1995; Hübner 1985; Bäumler 1984; Burger 1991; Bisschoff 1991). Die kritiese evaluering van ekklesiologieë is noodsaaklik, aangesien gemeentebou telkens weer georiënteer word aan die insig van wat die kerk is (vgl Nel 1994:33). Vir Louw (1992:121) impliseer 'n prakties-teologiese ekklesiologie nie soseer 'n model vir kerkwees wat uitsluitlik konsentreer op die wese van die kerk nie, maar op die lewe van die kerk. Hiermee ignoreer hy nie die wese van die kerk nie, maar poog hy om die wese van die kerk in terme van die funksie van die kerk te verstaan en te vertolk.

Breytenbach en Pieterse (1992: 101) merk tereg op dat die aanpak van ekklesiologie van outeur tot outeur verskil. Hulle is van mening dat die funksies van die gemeente as teologiese grondslag vir so 'n ekklesiologie moet dien. Dreyer (1995: 792) wat kritiek uitspreek op Breytenbach & Pieterse, merk in hierdie verband op dat aanvaarding van die kommunikatiewe handelingsteorie as matriks vir die beoefening van die Praktiese Teologie in die jongste tyd aanleiding gegee het tot 'n lewendige debat oor en belangstelling in die ekklesiologie. Hierdie hernieude ekklesiologiese besinning vanuit die Praktiese Teologie is verstaanbaar, omdat die metateoretiese paradigma van die kommunikatiewe handelingsteorie noodwendig konsekwensies inhou vir teorievorming op basisteoretiese sowel as praktykteoretiese vlak.

Hieruit is dit duidelik dat praktiese teoloë die gemeente nie soos die sistematiese teologie of dogmatiek benader nie. Waar die Dogmatiek na die oorsprong, die eienskappe en die unieke identiteit van die kerk vra, vra die Praktiese Teologie na die ontmoetingsgebeure van God se koms na die mens in God se Woord deur die diens van die pastorale optrede of handelinge. Die Sistematiese Teologie besin oor die heil,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die Praktiese Teologie oor die heilsbemiddeling. Die SistematieseTeologie dink na oor die evangelie, die Praktiese Teologie oor die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Dit beteken allermins dat Praktiese Teologie die Dogmatiek "toepas". Elke dissipline het 'n eie studieterrein en 'n eie interesse of kennisbelange (vgl Breytenbach & Pieterse 1992:102).

## 2. 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE BASISTEORIE

Wanneer Dreyer (1995:795-796) 'n prakties-teologiese basisteorie daarstel, onderskei hy die volgende kenmerke van sodanige teorie:

- Die Praktiese Teologie is geïnteresseerd in die verstaan en verklaar van kommunikatiewe geloofshandelinge in diens van die evangelie – geloofshandelinge wat Christene uitvoer omdat hulle in Christus glo. Hierdie handelinge kan omskryf word aan die hand van 'n paar trosbegrippe soos: prediking, onderrig, sorg, viering en diens.
- Daar is een handeling wat grondliggend aan alle ander handelinge funksioneer en dit is kommunikasie. Die handelinge van prediking, onderrig, sorg, viering en diens is wesenlik kommunikatief, omdat die Christelike geloof daarin oorgedra en opgebou word.
- Die kommunikatiewe handelingsteorie vereis 'n simmetriese kommunikasiepatroon. Dit lê klem op vrye, gelykwaardige, nie-outoritêre optrede wat mense vrywaar teen magsmisbruik en instrumentele manipulasie.
- Die gees van hierdie metateorie is 'n liefdevolle, offervaardige, solidêre, diensvaardige omgang van gelowiges met mekaar.
- Kommunikatiewe handelinge het dus ten doel om onderlinge begrip en konsensus oor die normatiewe betekenis van die Skrif en die optrede daarvolgens te bewerk.
- Bäumler (1974) gaan selfs so ver om die koninkryk van God te verstaan as die ryk van heil waarin vrede, geregtigheid en vryheid heers as die teologiese siening van onverstoorde kommunikasie tussen mense. Hierdie siening van die koninkryk bied genoegsame ruimte vir die emansipatoriese belang van kommunikatiewe handelinge. Dit het die doelwit van verandering ter bereiking van die ideaal van 'n samelewing vry van verwronge kommunikasie.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Sodoende word die blokkades in kommunikatiewe handelinge blootgelê en opgehef binne 'n emansipatoriese *praxis*.

- Die werk van die Heilige Gees binne 'n handelingsteoretiese opvatting maak die blootlegging van die grense van die kommunikatiewe vaardigheid in die rigting van 'n oop, regverdige en kommunikatiewe gemeenskap meer moontlik.
- Die affektiewe dimensie van menswees in relasie met die kognitiewe, asook 'n doelbewuste werklikheidsbetrokkenheid, sal in kommunikatiewe geloofshandelinge weerspieël moet word.

Breytenbach & Pieterse (1990:8), aan die ander kant, bou op Zerfass se model en sien Praktiese Teologie as 'n wetenskap wat geïnteresseerd is in die bestudering van teorieë wat die kommunikatiewe geloofshandelinge in diens van die evangelie ten grondslag lê. Dreyer (1991:603) wys daarop dat hierdie siening van Breytenbach & Pieterse op die uitsprake van Firet (1987:260) gebou is. Volgens hierdie beskouing het die Praktiese Teologie nie soos die ander teologiese vakke primêr die Bybel as teks nie, maar is die gelowige mens die "teks" (Heitink 1979: 22). Geloofshandelinge van mense voltrek sigself in 'n kommunikatiewe handeling wat daarop gerig is om ander mense te help om God te ontmoet en met God en hulle medemense in gemeenskap te lewe. Die "in diens van die evangelie" kwalifiseer die feit dat Praktiese Teologie deel is van die teologie omdat dit die bestudering van mense se geloof en geloofsuitsprake oor God is.

Dreyer (1991:603) sluit by Jonker (1983:86) aan as hy in sy werk, "Eerste treë in die Praktiese Teologie" krities-evaluerend daarop wys dat dit tog lyk of die basisteorie van Pieterse gevaar loop om induktiewe afleidings vanuit kommunikatiewe geloofshandelinge te maak, om só te kom tot by die geheim van die koms van God in God se Woord. Die gevaar skemer reeds deur as Pieterse op metateoretiese vlak liewer 'n kommunikasieteorie kies wat hy dan op basisteoretiese vlak vir die Praktiese Teologie diensbaar wil maak. Dit word duidelik dat sy teologiese kwalifikasie van die "koms van God in God se Woord" te vaag is en gevolglik oorheers word deur die kommunikasieteorie wat hy gebruik. Hy toets sy kommunikasieteorie aan teologiese kriteria in terme van "koninkrykswaardes" (Heyns & Pieterse 1990:36) en kom tot


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sekere gevolgtrekkings wat hy as vereistes vir 'n praktiese-teologiese kommunikasie-teorie poneer.

Nie-outoritêre kommunikasie beteken dat mense as vrye mense op gelyke voet met mekaar kan kommunikeer en dialoogrolle moet kan wissel (Heyns & Pieterse 1990:56). Op intermenslike vlak is dit natuurlik waar en die ideaal behoort sover moontlik nagestreef te word. In die verhouding "God en mens" kan die beginsel egter nie konsekwent toegepas word nie, omdat daar wel 'n oomblik aanbreek waar mense met al hulle vrae en antwoorde sal swyg en gelowig sal luister na die gesagsvolle aanspraak van God. God verskaf nie noodwendig antwoorde op al ons vrae nie, maar in die ontmoetingsgebeure met God vervaag menslike vrae dikwels tot gelowige aanbidding (vgl Job).

Onvoorwaardelike vryheid van die deelnemers is 'n kommunikatiewe vereiste wat beteken dat daar geen dwang bestaan nie: "Elkeen is vry om self oor 'n saak te besluit ..." (Heyns & Pieterse 1990:56). Vanuit 'n kommunikatiewe oogpunt is dit korrek dat elke mens vry is op intermenslike vlak om self oor 'n saak te besluit, maar vanuit teologiese perspektief is menslike vryheid altyd 'n vryheid in verantwoordelikheid. Vryheid mag nooit misbruik word as 'n verskoning vir bandeloosheid nie (Gal 5:13). Vir die gelowige het menslike vryheid dus perke binne die kader van geloofsgehoorsaamheid aan God. Die aanspraak van God deur God se Woord en Gees "dwing" mense dikwels tot ander insigte (Hand 9).

Daar geld 'n onvoorwaardelike aanvaarding van die ander as volwaardige mens en 'n erkenning van die ander se reg op 'n outentieke bestaan (Heyns & Pieterse 1990:56). In die relasionele onderbou van elke kommunikatiewe handeling is onvoorwaardelike aanvaarding 'n vereiste. Aanvaarding van die mens beteken nie die sanksionering van outentieke bestaan nie. Goddelike "aanvaarding" beteken juis dat God mense van hulle sondige "outentieke bestaan" wil bevry en tot 'n nuwe lewe volgens die wil van God wil bring ( Ef 4: 17-24). Op grond van bogenoemde stel Dreyer (1991:605):

> Hierdie enkele voorbeelde illustreer genoegsaam dat die basisteorie wat (deur Pieterse) vir die Praktiese Teologie verskaf word, nie die unieke kommunikasieverhouding tussen God en mens voldoende verreken nie, maar slegs konsentreer op kommunikatiewe geloofshandelinge van mense onderling. Die geloofsverhouding tussen God en mens is bepalend vir



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> geloofshandelinge van mense onderling. Dit bevestig die waarskuwing van Jonker dat ons nie induktief-empiries vanuit die menslike handelinge, hoe "gelowig" dit ook al mag wees, kan uitkom by die geheim van God se waarheid nie.

Dingemans (1986:145) sien die Praktiese Teologie bipolêr waar daar onder alle omstandighede rekening gehou moet word met die prinsipiële gegewens soos verwoord in die Skrif en die konkrete situasie.

> Men kan de functie van die practische theologie niet goed omschrijven als men haar niet situeerd binnen deze spanningsvelden, die beschreven, geëvalueerd en verdisconteerd moeten worden in aanbevelingen voor het handelen. Middenin de spanning van evangelie en context, christelijke traditie en aangetroffen situatie staat de praktische theologie als bemiddeling tussen het christelijk geloof en onze werkelijkheid. Zowel een algemene interpretatietheorie als ook een specifieke inhoudelijke correlatietheologie (of verbondstheologie) proberen aan die interactie recht te doen.

## 3. VERHOUDING TEORIE EN *PRAXIS*

Bogenoemde verhouding het tot gevolg dat 'n prakties-teologiese basisteorie, alhoewel daar op navorsingsvlak gestreef moet word na 'n balans en 'n interaksie tussen teorie en *praxis*, iets moet verwoord van die teologiese "wanbalans" dat selfs metateorieë moet buig voor die Waarheid van God. 'n Gewysigde basisteorie sou soos volg geformuleer kan word: Praktiese Teologie bestudeer die kommunikatiewe geloofshandelinge van mense, gemeet aan die aanspraak van God op mense, soos dit betuig word in die Skrif.

By die onderneming van 'n navorsingsprojek in die Praktiese Teologie is dit noodsaaklik dat die navorser van 'n bepaalde metodologies begronde model gebruik sal maak (vgl Dreyer 1991:605). Dreyer se model verskil van ander modelle in die sin dat dit 'n sterk onderskeid maak tussen teologiese oorlewering en die Skrif. In so 'n model kan ondersoekers hulle teologiese oorlewering onbevange aan die wisselwerking van die situasie blootstel. Dit sal die positiewe resultaat inhou dat teologiese tradisies weer eens vanuit 'n nuwe situasie krities ontleed en, waar nodig, gekorrigeer word. Sodoende sal die ontwerp van teologiese teorieë gedwing word om die toets


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van die relevansie in 'n nuwe situasie te deurstaan. Nuwe praktykteorieë sal dan ten slotte in 'n metodologiese model binne die hermeneutiese spanningsveld van die Skrif getoets moet word. Binne hierdie hermeneutiese spanningsveld sal God se aanspraak en God se Waarheid, soos dit neerslag gevind het en betuig is in menslike ervarings in die Skrif, vanuit die vraagstelling van 'n nuwe praktykteorie gevind moet word.

Dit is 'n gekompliseerde saak waarby die hulp van die Bybelwetenskappe ingeroep sal moet word. By hierdie uitdaging kan die praktiese teoloog nie verbygaan nie. Indien 'n nuwe praktykteorie hierdie toets kan deurstaan, sal die praktykteorie so gewysig moet word dat dit, gemeet aan die Skrif, houdbaar is. Wanneer die metodologiese model ook vir hierdie teologiese kriterium voorsiening maak, kan die Praktiese Teologie teorieë vorm wat nog binne die ruimte van die Reformatoriese teologie op erkenning kan aandring.

## 4. PRAKTIESE TEOLOGIE IN TERME VAN KOMMUNIKATIEWE GELOOFSHANDELINGE

Dreyer se standpunt is reg dat 'n teorie op metateoretiese vlak vanuit teologiese basisteorieë nader gekwalifiseer moet word. Hy stel dan ook onomwonde: "'n Onkritiese oorname van metateorieë kan myns insiens die teologiese karakter van die vak en die perspektief op die kerk ernstig skaad. Die inkorporering van die kommunikatiewe handelingsteorie op metateoretiese vlak vra dus dat die Praktiese Teologie as teologiese dissipline sekere kernbegrippe met teologiese inhoude sal vul" (Dreyer 1995:796). Vir hom is die feit dat die studieveld van die Praktiese Teologie in terme van kommunikatiewe geloofshandelinge beskryf word 'n wins – veral as dit gesien word vanuit die kerklike *praxis*. So is daar afskeid geneem van die diakonologiese benadering of amptelike vakke wat die gemeentelike funksionering laat opgaan in die funksionering van die ampte. In hierdie benadering geld die Skrif as die belangrikste kenbron. Die klem val dan op die bestudering van die ampte en die dienste wat deur die ampsdraers uitgevoer moet word. Die gewone lidmate en hulle rol in die kerk het nie in die verlede genoegsaam in die fokus gekom nie (vgl Heyns 1993:126). Kommunikatiewe geloofshandelinge open die veld vir die funksionering van die kerk as geloofsgemeenskap (wat alle lidmate insluit) binne beide die ruimte van die erediens én kerklike aktiwiteite, met die oog op die lewe van die gelowiges in die kader van die breë gemeenskap.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Soos hierbo aangetoon, moet die kommunikatiewe geloofshandelinge van die geloofsgemeenskap voortdurend genormeer word vanuit die geloofsrelasie tussen God en mens soos betuig in die Skrif. Met sodanige nadere kwalifisering open kommunikatiewe geloofshandelinge nuwe perspektiewe vir die ekklesiologiese besinning. 'n Verdere uitgangspunt van die kommunikatiewe handelingsteorie is dat kommunikasie die grondliggende handeling is waardeur alle *modi* van geloofshandelinge voltrek word.

> Dit onderstreep die feit dat oordrag van die evangelie nie anders plaasvind as deur kommunikatiewe handelinge nie. Die kerk sal dus sensitief moet wees vir die kommunikasiestyl wat binne 'n bepaalde era (post-moderne) die mees aanvaarbare en effektiewe blyk te wees. As 'n simmetriese kommunikasie-verhouding in 'n postmoderne era 'n gegewe is, sal die kerk sy kommunikatiewe geloofshandeling so ver moontlik binne 'n simmetriese verhouding moet voltrek.
>
> (Dreyer 1995:797)

## 5. NADERE TEOLOGIESE KWALIFISERING

Bogemelde vereiste vir steuringsvrye kommunikasie vra ook vir nadere teologiese kwalifisering. Dreyer (1995:797) is van mening dat oordrag van geloof in prediking, sorg en onderrig nie anders plaasvind as binne interpersoonlike verhoudings nie. In hierdie interpersoonlike verhoudings geld die eis onverkort dat daar 'n simmetriese kommunikatiewe grondhouding moet wees. Selfs in die prediking, wat in die vorm van 'n monoloog plaasvind, sal die styl van die prediker hierdie simmetriese verhouding in geantisipeerde dialoog weerspieël. 'n Verwronge ampsbeskouing wat 'n outoritêre, asimmetriese en manipulerende houding by talle ampsdraers gekweek het en uitgemond het in 'n eenrigtingverkeer, sal moet plek maak vir 'n simmetriese kommunikasieverhouding met gelykheid en vrye wisseling van dialoogrolle. Teologies gesien is so 'n grondhouding nader aan die oorspronklike bedoeling van die Bybelse *diakonia*, wat juis die dienskarakter beklemtoon. Tog is daar teologiese reserwes. Roscam Abbing (s a:20) sê dat dit in die pastorale gesprekke om 'n "altergesprek" gaan. Dit gaan om die belang van 'n ander persoon met die oog op 'n heel spesifieke inhoud: die Woord van God. Hierdie oriëntasie aan die Woord van God verskaf aan die gesprek altyd 'n a-simmetriese karakter. Die feit dat die Woord en


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Gees 'n derde faktor in die pastorale gesprek (en in alle geloofskommunikasie) is, stempel die dialoog in die gesprek tot 'n trialoog (Louw 1993:246). In die relasie tussen God en mens, wat via kommunikatiewe geloofshandelinge van mense in 'n hermeneuties-pneumatiese Woordgebeure gestalte kry, breek die a-simmetriese verhouding deur as die mens voor die gans andere God te staan kom en *coram Deo* lewe.

Dreyer se kritiek op die stelling dat die kommunikatiewe handelinge ook ten doel het om onderlinge begrip en konsensus oor die normatiewe betekenis van die Skrif en die optrede daarvolgens te bewerk (vgl Pieterse 1993:8), is nie net tydig nie, maar ook van wesenlike belang vir die Praktiese Teologie as teologiese wetenskap. Dit sou vir die kerk en teologie 'n kwade dag wees as blote konsensus, soos bereik in kommunikatiewe handelinge en diskoers (akademiese gemeenskap), die normatiewe betekenis van die Skrif moet bepaal.

As die koninkryk van God verstaan word as die teologiese siening van onverstoorde kommunikasie tussen mense en as dit gelykgestel word aan die ideale ruimte vir verandering binne 'n emansipatoriese *praxis*, beroof dit die koninkryk en die eskatologiese verwagting van 'n Christologies-soteriologiese onderbou. Dat die deel wees van die koninkryk van God duidelike emansipatoriese motiewe impliseer, is vanselfsprekend – maar dan gekwalifiseerd vanuit die relasie tussen God en mens, tot opbou van die liggaam van Christus. Verandering op sigself het teologies geen waarde as dit nie voortspruit en getemper word deur die Bybelse *metanoia* nie. Hierdie metateoretiese benadering moet die kerk weer opnuut wys op sy taak in die breër gemeenskapslewe, om deur kerkwees die gemeenskap bewus te maak en waar moontlik selfs te bevry van diskriminasie, magsmisbruik en uitbuiting – maar dan alleen as 'n moontlikheid wat 'n werklikheid kan word waar die mens deel kry aan die nuwe lewe in Jesus Christus.

## 6. EKKLESIOLOGIESE BESINNING VANUIT PRAKTIES-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF

Soos reeds gemeld, word daar in die prakties-teologiese gesprek wat tans aan die gang is melding gemaak van 'n "dringendheid vir ekklesiologiese besinning vanuit 'n Prakties-Teologiese perspektief" (Dreyer 1995:799). Hierdie perspektief het veral twee gesigspunte: aan die een kant is daar die kommunikatiewe perspektief en aan die ander kant is daar die fokus op die funksies van die kerk. Dit is in die lig hiervan dat


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dreyer sê: "Soos reeds vroeër vermeld, stimuleer hierdie vertrekpunt die soeke na 'n model waarbinne die funksies van die kerk in 'n kommunikatiewe raamwerk optimaal sal realiseer. Daar is redelike konsensus dat die liggaam-van-Christus as metaforiese verstaan van die kerk die mees geskikte is binne die huidige konteks" (vgl Heyns 1988:57; Hendriks 1992:123; Breytenbach & Pieterse 1992:103; Louw 1992:125; Pieterse 1993:160; Nel 1994:243). Die probleem hiermee is dat wanneer 'n spesifieke metafoor uitgesonder word tot dié metafoor dit daartoe lei dat ander metafore wat ook 'n bydrae kan lewer om die wese en die funksionering van die kerk te verstaan, geïgnoreer word.

> Die keuse van die liggaammodel is in 'n sekere sin 'n reaksie teen die eensydige gebruik van die herdermetafoor as kerkmodel. Hierdie eensydige gebruikmaking van die herderkudde-model is, retrospektief gesien, waarskynlik die neerslag van kontekstuele beïnvloeding. In 'n verbygegane era waar 'n outoritêre styl, magsmisbruik, eenrigting-asimmetriese kommunikasie en 'n diktatoriale houding aanvaarbaar was, het die herderkuddemodel goed gefunksioneer. As ons uit die lesse van die geskiedenis wil leer, moet ons nie weer in dieselfde slaggat trap om in 'n nuwe eensydigheid te verval nie. Bybelse metafore is komplementêr tot mekaar en moenie op grond van 'n sekere gegewe konteks van die kerk teen mekaar afgespeel word nie.
>
> (Dreyer 1995:799)

In hierdie waarskuwing sluit Dreyer by Minear (1960:228) aan: "One should not ask how one image is superior to another. We should be on sounder grounds if we asked how one image benefited from its associations with another" (vgl in hierdie verband ook Erasmus 1995:40). Die vraag waaroor dit hier gaan, is of dit 'n verantwoordelike werkwyse is om 'n metafoor uit die Bybel te isoleer as model vir die funksionering van die kerk. Vir Dreyer (1995:800; vgl. ook Minear 1960:223) is dit duidelik dat elke metafoor 'n bepaalde faset van die onbekende aan die hand van die bekende beklemtoon. Die saak wat metafories verduidelik word, is dus nie volledig vervat in die metafoor self nie; dit is baie groter en omvattender as die een aspek wat die metafoor wil of kan belig. Om die betekenis van die metafoor te bepaal, moet ons ook onthou dat 'n metafoor telkens in konteks verstaan moet word. In een konteks sal daar byvoorbeeld onder herderskap iets anders verstaan word as in 'n ander konteks.

 Digitised by the University of Pretoria, Library Services 

Dit is daarom te verstane dat ons in die Bybelse getuienis oor die funksionering van die geloofsgemeenskap 'n ryke verskeidenheid metafore aantref (herderkudde, liggaam, gebou van God, wingerdstok en lote, familie, arbeiders in wingerd, sout, suurdeeg, lamp en talle ander). Elkeen van hierdie metafore het, met die gebruikmaking van 'n bepaalde, bekende beeld, ten doel om 'n belangrike faset van kerkwees te belig. In 'n ekklesiologiese perspektief, vanuit die funksionering van die kerk sal daar dus gepoog moet word om al die fasette wat deur die verskillende metafore aangedui is, te inkorporeer.

Omdat die keuse van 'n bepaalde metafoor daartoe lei dat die aspek of aspekte, waarop die bepaalde metafoor klem lê, ten koste van die ander metafore oorbeklemtoon word, kan 'n mens nie een bepaalde metafoor verabsoluteer tot gemeentemodel nie. Dit behoort veral nie te gebeur indien daar erns gemaak word met die post-moderne lewensklimaat en die konsekwensies van die kommunikatiewe handelingsteorie nie. Veeleer moet daar gepoog word, om op grond van die grondpatroon, styl en lewensklimaat van die post-moderne era, te vra na die konsekwensies wat dit vir verskillende aspekte van kerkwees inhou. Daar moet doelbewus gesoek word na maniere om dit in die kerklike *praxis* te integreer.

## 7. BELANGRIKHEID VAN 'N SIMMETRIESE KOMMUNIKASIEGRONDHOUDING IN ALLE FASETTE VAN KERKWEES

Een aspek waaroor praktiese teoloë saamstem, is dat die beskrywing van die kerklike funksionering in ekklesiologiese besinning daartoe moet lei dat rekening gehou word met al die geloofshandelinge en handelingsvelde (vgl Dreyer 1995:802; Heyns & Pieterse 1990:14-15). Binne die gereformeerde tradisie, met sterk beklemtoning van die Woordteologie, "het die neiging ontstaan om in die kerklike praktyk geloofshandelinge te reduseer tot prediking en handelingsvelde te beperk tot die erediens" (Dreyer 1995:802). Van die prediking is alles verwag, soveel so dat Hendriks (1992: 23) opmerk dat "die groot klem van die Reformatoriese kerke op die Woord, op lering, op die beginsel en teorie daaromtrent, meegebring het dat die praktyk, die vleeswording van die Woord, nie altyd die aandag gekry het wat dit verdien nie. Dié swak balans kan daartoe lei dat die Woord dieselfde magiese karakter kry as wat die sakrament by Rome ontwikkel het".


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Burger (1994:88) sluit hierby aan as hy daarop wys dat alles van die prediking verwag is en in die proses die ander kommunikatiewe geloofshandelinge verwaarloos is. Daar heers 'n sterk konsensus oor die feit dat die monopolisering van die prediking daartoe gelei het dat die geloofslewe begrens is tot die mure van die kerkgebou. Doelbewuste beplanning om geloofshandelinge weer in onderrig, sorg, viering en diens te aktiveer, moet op die voetsoolvlak van lidmate tot sy reg kom. 'n Beperkte visie wat lei tot die formulering van handelingsvelde in geykte begrippe, begrens deur 'n nabinne-gerigtheid, moet plek maak vir die ontginning van nuwe handelingsvelde in die ruimte van die kerk en die breër gemeenskap. Op grond hiervan kan die volgende stelling met reg gemaak word:

> 'n Simmetriese kommunikasiegrondhouding moet in alle fasette van kerkwees gevestig word. Juis in 'n bereidheid om die ander volledig as gelyke te aanvaar; 'n openheid om eerlik na ander se menings te luister; die aanvaarding van die risiko om in dialoog mekaar te lei tot konsensus oor die norme van die Skrif; 'n onopgesmukte egtheid en spiritualiteit – dit alles vorm die ruimte waarbinne die woordgebeure van die gans andere God deur sy Gees gestalte kry en op mense se lewens beslag lê. Dit maak nie die prediking oorbodig nie, maar beklemtoon juis die primaat van die prediking in die lewe van die geloofsgemeenskap.
>
> (Dreyer 1995:803)

Teologies geproke sou die gemeente nie bestaan het as God nie deur alles heen aangehou het om met mense te kommunikeer nie. Ten spyte van die sonde en die konsekwensies daarvan praat en handel God met die mens. Ten spyte van Israel se afvalligheid en hardnekkigheid hou God nie op om hulle lief te hê en om pratend en handelend met hulle te bemoei nie. Die klimaks van God se spreke vind in Christus en deur die Heilige Gees plaas. God kom steeds pratend (deur God se Woord) na die gemeente en deur die gemeente na die wêreld. Van die begin af skakel God mense in by God se koms na die mense in die wêreld. Die Middelaar, ware God en ware Mens, bemiddel op volmaakte wyse die koms van God na die mens. Deur sy menswording kom God na die mense en deur sy Gees woon Hy onder mense. In 'n sekere sin is die kerk juis die "vleeswording" van die Heilige Gees.

Deur die gemeente, in wie die Gees woon, kom God steeds na mense en na die wêreld toe. Deur die bemiddelende pastorale optrede van mense, mense wat deur die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Gees ingeskakel word by die werk van God, kom God steeds na die gemeente en deur die gemeente na die wêreld toe. In hierdie sin is die gemeente 'n skepping wat deur God se kommunikatiewe handeling tot stand gekom het. Die gemeente word ook deur God se voortgaande kommunikatiewe handelinge in stand gehou. Sou God swyg, hou die kerk op om te bestaan. Dan is die verhouding tot niet. Die gehalte van gemeentewees is direk eweredig aan die kwaliteit van die kommunikasie tussen God en die gemeente. In gemeentebou, as deel van die vakgebied Praktiese Teologie, gaan dit soos in die hele vakgebied om die ontmoetingsgebeure van God se koms na die mens in sy Woord.

## 8. GEMEENTEBOU AS KOMMUNIKATIEWE HANDELING IN DIENS VAN DIE EVANGELIE

Dit is 'n uitgemaakte saak dat dit in gemeentebou, net soos in die ander bedieninge, byvoorbeeld die prediking, gaan om die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Gemeentebou, as bediening wat moet integreer én koördineer wat in die ander bedieninge gedoen word, moet as 't ware dubbel sensitief daarvoor wees dat die gemeente per definisie 'n kommunikasiesisteem, 'n -sentrum en -netwerk is. Hier moet beklemtoon word dat dit in gemeentebou 'n primêre grondbeginsel is om juis só aan die gemeente te dink.

Die kommunikasie waaroor dit bo alles in die gemeente gaan, is kommunikasie met God, met mekaar en met die wêreld. Maar nou is dit juis die kommunikasie van die evangelie wat oor die jare deur teoloë verskillend gemotiveer is.

> Sommige motiveer dit vanuit die heiligheid (die feit dat die gemeente net die Here s'n is) en die algemeenheid (katolisiteit) van die kerk (Congar). Ander soos D J Louw beklemtoon dit sterk vanuit die liggaamsmotief – so ook D J Kennedy. Verkuyl weer beklemtoon veral dat ons "deelhê" aan Christus ons logies laat deelhê aan sy sending, naamlik om die woorde van God te dra. Dit sou onderskeidelik ekklesiologiese en Christologiese motiverings genoem kon word. Hoe ook en deur wie ookal – hieroor is daar byna totale eenstemmigheid: die kerk, en elke plaaslike gemeente as deel van die wêreldkerk, is geroep om die evangelie met woord en daad te kommunikeer. Só word die gemeente onderhou en versorg en só groei die gemeente en kom nuwe gemeentes tot stand. Hiermee word nie bedoel dat die gemeente opgaan in sy gestuurdheid nie (met ander woorde, dat die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> kerk 'n funksie van die apostolaat is nie). Dit word egter onvervalsd gehandhaaf dat die gemeente, wat sy gemeentewees ook mag geniet, in diens van die evangelie en die uitdra daarvan staan
>
> (Nel 1994:26)

Die hele bediening (en studieveld van die Praktiese Teologie) bestaan uit al die kommunikatiewe handelinge in diens van die kommunikasie van die evangelie. Die totale bedieningsveld kan in sewe bedieningswyses of *-modi* verdeel word en elkeen van hierdie bedieningswyses staan direk in diens van die evangelie. Verder is elkeen van hierdie bedieningswyses en almal tesaam driedimensioneel.

> Hiermee word bedoel dat elkeen altyd *diens aan die drie-enige God, diens aan mekaar onderling en diens aan die wêreld* moet wees. Die kommunikatiewe betrokkenheid van God by kerk en wêreld is die gegewenheid wat die gemeente verplig tot hierdie driedimensionele diensgerigtheid. Die kritiese vraag wat dus voortdurend by en aan elke bedieningswyse gevra moet word, is: is dit 'n kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie ten opsigte van God, die gelowiges onderling en die wêreld?
>
> (Nel 1994:26)

## 9. GEMEENTEBOU DIENSBAAR AAN GOD SE DOEL MET SY KERK

Gemeentebou kan nie reg verstaan of reg onderneem word indien daar nie erns gemaak word met die totale bediening in diens van die kommunikasie van die evangelie nie. Met minder sal die gemeente nie oor die lang termyn wegkom nie. "Wie dit probeer, is in 'n bepaalde sin met stadige maar dodelike verarming van die gemeente besig en so 'n gemeente sterf uiteindelik, al gaan alles nog rustig voort" (Nel 1994:28). Dit is so omdat gemeentebou nie net in verband staan met die doel van die gemeente nie, maar dit is direk diensbaar aan die doel van God met die kerk. In gemeentebou gaan dit daarom dat die gemeente begelei word tot effektiewe doelvervulling. Indien 'n gemeente verstaan waarom die gemeente bestaan en indien die gemeente se bestaansdoel verwoord kan word, kan 'n gemeente ook die gemeente se Godgegewe taak verwoord. Uit die aard van die saak sal die bestaansdoel van die kerk teologies geformuleer moet word. Vanuit die Bybel moet so noukeurig en


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

verantwoordelik moontlik bepaal word waarom die kerk bestaan, met ander woorde wat die bestaansdoel van die kerk is wat dit onderskei van alle ander organisasies. Voordat kortliks hierop geantwoord word, moet eers nog 'n keer gesê word wat gemeentebou nie is nie en wat die bestaansdoel van die kerk nie is nie. Die doel van die gemeente is nie die gemeente en sy opbou op sigself nie. Indien dit so sou wees, is dit waar dat 'n gepre-okkupeerdheid met die ekklesiologie 'n teken van verval is.

In gemeentebou gaan dit dus nie in die eerste plek oor die oorlewing van 'n gemeente nie. Die oorlewing van die kerk van Christus is nie ter sprake nie. Die oorlewing van sy gemeente is immers deur Homself gewaarborg. Die vraag waarom dit gaan is: Hoe kan die gemeente in 'n gegewe situasie aan die gemeente se bestaansdoel getrou bly? En wanneer gevra word wat die bestaansdoel van die kerk is, gee Nel (1994:22) die volgende antwoord: "Daar is grootliks ooreenstemming dat die doel van die kerk uit sy wese afgelei moet word. Die identiteit van die kerk in die lig van die Skrif gee insig in die taak van die kerk. In die kerk is dit dus waar dat insig in die identiteit van die kerk tot die verstaan van die kerk se bestaansdoel of missie lei."

Met die oog op wetenskaplike, sistematiese, doelmatige begeleiding van 'n gemeente om die gemeente se identiteit te verstaan, het gemeentebou as 'n selfstandige vak in die Praktiese Teologie ontwikkel. "Dit het aanvanklik gefunksioneer onder die name *oikodomiek* en pastorale *kybernetiek*. Beide hierdie benaminge het gaandeweg plek gemaak vir die benaming gemeentebou of gemeenteopbou (Beukes 1995: 809). Te Velde (1989:10) wys daarop dat gemeentebou as saak en riglyne oor gemeentebou reeds by die apostoliese vaders, die oud-Christelike kerk en die Kerkhervormers voorkom.

> Die vak gemeentebou het egter sy oorsprong in die periode 1870 tot 1930 in die werke van die Duitse teoloë soos J H Wichern en B Gutman. Sedert 1982 word hierdie vak deur feitlik alle erkende Praktiese Teologie departemente in Nederland, Duitsland, Amerika en Suid-Afrika gedoseer. In die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het die saak van gemeentebou nog altyd indirek bestaan as inbegrepe by kerkvisitasie en deurlopende verslaggewing aan meerdere vergaderings.
>
> (Beukes 1995:809)

Dat daar egter in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika op 'n spesifieke wyse oor gemeentebou gedink word, is duidelik uit die volgende:


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Die omstandighede en toestande waarbinne die kerk sy werk moet verrig, wissel voortdurend. Sonder om verder hierop in te gaan, word gestel dat dit 'n feit is dat waar die landsomstandighede radikaal verander het, dit die kerk noop om oor sy strategie te herbesin. Daar moet dadelik bygesê word dat die stryd wat vir die kerk in die nuwe omstandighede voorlê nie so uniek is nie. Die kerkgeskiedenis toon aan dat die kerk in die verlede veel groter krisisse met dieselfde gegewenhede en dieselfde struktuur te bowe gekom het. Daarom hoef ons nie die nuwe era met iets nuuts te bestorm nie. Dieselfde evangelie, dieselfde Gees, dieselfde ampte blyk onoortreflik te wees. Ons sal net moet besin oor die wyse waarop ons met dit wat ons tot ons beskikking het die toekoms as kerk effektief tegemoet kan gaan.
>
> (Van der Merwe 1996:135)

Louw (1987:84) toon aan dat die kerk die weg vorentoe net op een van drie maniere kan inslaan: die weg van reaktivering, reorganisasie of herstrukturering. Dit blyk dat gemeentebou nog steeds gesien word as slegs reaktivering van die bestaande (vgl Van der Merwe 1996:135). Gemeentebou gaan nie bloot net oor *reaktivering* of *reorganisasie* nie, maar oor ingrypende *herstrukturering*.

> Reaktivering beteken naamlik net dat nuwe lewe in die bestaande strukture ingeblaas word. Reorganisasie impliseer doelbewuste aanpassings in die gemeente se organisasiepatroon. Herstukturering beteken egter dat gewerk word in die rigting van fundamentele herbesinning oor die doel en funksie van die gemeente ten einde selfs ingrypende aanpassings te maak – wat eintlik niks anders is as reformasie nie.
>
> (Louw 1987:84)

In die vak Gemeentebou, wat sedert 1985 aan die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria doseer word, vind daar juis besinning plaas oor hoe die gemeentestrukture, die werksvorme en die prosesse in die optimale samehang diensbaar gemaak kan word aan die interne en eksterne, die horisontale en vertikale funksionering van die kerk tot eer van God, tot opbou van die gemeente en tot diens aan die wêreld (vgl Beukes 1995:809).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 10. WAAROOR GAAN GEMEENTEBOU?

Opsommend kan gemeentebou soos volg geformuleer word:

Dit is die bediening waarbinne die gemeente opgelei en begelei word om:

- die eie wese en bestaansdoel te verstaan;
- self, as gemotiveerde gemeente, die eie funksionering te evalueer, doelwitte vir doelgerigte funksievervulling te formuleer en op beplande wyse te bereik;
- self, soos nodig, op 'n voortgaande basis strukture wat die heilshandelinge van die drie-enige God in kerk en wêreld dien, vir die gemeentelike funksionering te ontwikkel (vgl Nel 1994:24).

Gemeentebou is nie 'n proses waardeur allerlei nuwighede en vreemdhede in die kerk ingevoer word nie.

> Dit is 'n eerlike poging om die kerk op 'n wetenskaplike en planmatige wyse te lei om sy opdrag uit te voer. Dit kan beskryf word as 'n kerklike aktiwiteit om deur middel van die bestaande kommunikatiewe geloofshandelinge die gemeente te lei om te funksioneer ooreenkomstig sy wese tot eer van God, tot opbou van die gemeente en tot uitbreiding van God se koninkryk in die wêreld. Hierdie werk word gegrond op die Bybel, die belydenisskrifte en die bestaande kerklike bepalings. Die bestaande word gekoördineer, beter beplan, geïntensiveer en waar nodig teruggelei om te wees soos God dit wil hê. Die inhoud bly steeds dieselfde, al wat verander, is die metode en die feit dat bestuursbeginsels benut word.
>
> (Beukes 1995:817)

Dat data uit nie-teologiese dissiplines benut word, natuurlik sonder dat teologiese beginsels in gedrang kom, is ook in die kerk 'n algemeen aanvaarde beginsel (vgl Roscam-Abbing 1980:20). Aangesien die kerk in die wêreld is, oor 'n bepaalde struktuur moet beskik en daagliks moet funksioneer, is beplanning en bestuur noodsaaklik. Gemeentebou is 'n prosesmatige gebeure waardeur die gemeente plan-


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

matig en doelmatig opgelei en begelei word om te wees en te word wat die gemeente in Christus reeds is

## 11. SAMEVATTING

In hierdie artikel is gepoog om aan te toon dat verantwoordelike gemeentebou eers dan aangepak kan word wanneer daar op grond van 'n Bybelsgefundeerde basisteorie 'n praktykteorie ontwikkel word. Daar is gepoog om 'n Prakties-Teologiese ekklesiologie te ontwerp aan die hand waarvan die handeling van die kerk gekorreleer kan word met die wese van die kerk en die inhoud van die boodskap van die kerk. Daar is gepoog om aan te toon dat openbaring en empirie nie bloot twee bipolêre entiteite is wat korrelerend van mekaar afhanklik is nie. Die verhouding tussen openbaring en empirie behels 'n duale spanningsverhouding wat teologies geïnterpreteer moet word. Hierdie spanning gee dinamika aan 'n prakties-teologiese ekklesiologie deurdat die kerk, teologies gesproke, 'n teken is van die Ryk van God en deel in die volheid van die heil, maar tog, prakties gesproke, deel in die gebrokenheid van die skepping. Dit gaan in gemeentebou nie in die eerste plek oor die oorlewing van 'n gemeente nie. Daar is gepoog om aan te toon dat die vraag waarom dit in gemeentebou gaan, is hoe die gemeente in 'n gegewe situasie aan die gemeente se bestaansdoel getrou kan bly en dat gemeentebou 'n eerlike poging is om die kerk op wetenskaplike en planmatige wyse te begelei om die kerk se opdrag uit te voer.

## 12. Literatuurverwysings

*Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* 1997. Gemeentes, lidmate en predikante van die Kerk 1971-1996. Pretoria: Kital.

Baümler, C 1974. Praktische Theologie: Ein notwendiges Element der wissenschafliches Theologie. *Evangelische Theologie* 28, 25-55.

— 1984. *Kommunikative Gemeindepraxis*. München: Kaizer.

Beukes, M J du P 1995. Evaluering van verskillende gemeenteboumodelle met die oog op die daarstelling van 'n eie model vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. *HTS* 51(3), 806-824.

Bisschoff, J H 1991. *Gemeentebou: 'n Prakties Teologiese basisteorie*. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Breytenbach, H S & Pieterse, H J C 1992. Doelwitte vir gemeentebou in die lig van 'n prakties-teologiese ekklesiologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 7(2), 101-112.

Burger, C 1991. *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap*. Kaapstad: Lux Verbi.

Dingemans, G D J 1986. *In het leerschool van het geloof.* Kampen: Kok.

— 1996. *Manieren van doen: Inleiding tot de studie van de Practische Theologie.* Kampen: Kok.

Dreyer, T F J 1991. Eerste treë in die Praktiese Teologie – waarheen? *HTS* 47, 597-608.

— 1995. Implikasies van die kommunikatiewe handelingsteorie vir 'n prakties-teologiese perspektief op die ekklesiologie. *HTS* 51(3), 792-805.

Erasmus, L M 1995. "Sola Ecclesia?": 'n Kritiese vraagstelling na aanleiding van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie in die Nederduitsche Gereformeerde kerk. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 10(2), 40-51.

Firet, J 1987. Kroniek van de praktische theologie 14, 552-567.

Heitink, G 1977. *Pastoraat als hulpverlening: Inleiding in de pastorale theologie en psychologie.* Kampen: Kok.

Hendriks, H J 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente.* Wellington: Hugenote.

Heyns, L M & Pieterse, J J C 1990. *Eerste treë in die Praktiese Teologie.* Pretoria: Gnosis.

Heyns, L M 1988. Herstrukturering met die oog op doeltreffender stadsbediening. *NGTT* 29(1), 55-60.

— 1993. Bestuur van die gemeente as organisasie van vrywilligers. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 8(2) 126-136.

— 1995. Praktiese teologie en die Suid-Afrikaanse samelewing. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 10(2), 52- 61.

Jonker, H 1983. *Theologische praxis.* Nijkerk: Callenbach.

Louw, D J 1992. Die ontwerp van 'n prakties-teologiese ekklesiologie vir gemeentebou. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 7(2), 119-136.

— 1993. *Pastoraat as ontmoeting*: Pretoria: RGN.

— 1998. Hoe teologies is die praktiese teologie en hoe prakties is die teologie? Ontwerp vir 'n prakties-teologiese hermeneutiek. *Praktiese teologie in Suid-Afrika* 13(1), 43-63.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Louw, L K 1987. 'n Analise van die gemeentesituasie met die oog op gemeentebou. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 2, 71-94.

Minear, P S 1960. *Images of the church in the New Testament*. Philadelphia: Westminster.

Nel, M 1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion.

Pieterse, H J C 1990. 'n Erediens-uitsig op die gemeente, in Smuts, A J, Vos, C J A, Nel, M (reds), *Gesprek oor die erediens: Teologiese huldigingsbundel aan A C Barnard*, 22-39. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

— 1991. Die wetenskapsteoretiese grondslag van die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 6(1), 38-51.

— 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN

Roscam Abbing, P J 1980. *Predikantswerk*. 'S-Gravenhage: Boekencentrum.

Te Velde, M 1989. *Gereformeerde gemeenteopbouw: Een eerste koersbepaling voor een nieuw theologisch vak*. Barneveldt: De Vuurbaak.

Van der Merwe, P J 1996. Gemeentebou in die nuwe era. *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Pretoria: Kital.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services